

**24 Maart**

**Skrifgedeelte: Markus 9:30-50 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 9:49 en 50**

**Strewe nie na 'n ereplek, maar na 'n offerplek**

Jesus antwoord op die dissipels se twis oor wie die belangrikste is deur hulle te wys op die weg van diensbaarheid. Jy word nie die "meeste" deur te heers oor ander nie, maar deur selfs 'n geringe, soos 'n kind, te dien. Daarom mag hulle selfs nie eers neerkyk op iemand wat in Jesus se Naam duiwels uitdryf nie, ook al voeg hy hom nie by hulle kring nie. Die Here sal self besluit wie beloon word. Vir Jesus is die behoud van selfs die nietigste gelowige so belangrik dat Hy sy dissipels ernstig waarsku om nie vir een geringe wat op Hom vertrou 'n struikelblok te wees nie. As jou hand, voet, of oog of enigiets anders jou laat struikel, is dit beter dat jy daarsonder lewe. Wees daarom streng op jouself wanneer dit gaan oor diensbaarheid.

Daar is net een van twee moontlikhede vir die dissipels en vir elke mens se lewe: of die offersout van diensbereidheid en toewyding aan die geringes in jou lewe, of jy sal met die oordeel van die helse vuur gestraf word.

Selfs al het jy die naam dat jy 'n volgeling van Jesus is, maar toewyding aan God en selfverloënde diens en liefde vir die naaste is afwesig, is jou offers niks werk nie. Onvoorwaardelike diensbaarheid gee sin aan jou lewe soos sout smaak gee aan kos. Christus se offer aan die kruis het smaak aan ons lewe kom gee. Nou kan jy ook diensbaar wees en betekenis gee aan ander se lewens. God kan vandag so iemand op jou pad plaas.

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*